Argief


# OFFISIËLE KOERANT
## VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
## OF SOUTH WEST AFRICA

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY*

**10c** **Maandag 2 Oktober 1972** **WINDHOEK** **Monday 2 October 1972** **No. 3280**


**INHOUD** **CONTENTS** ***Bladsy/Page***


| | | Inhoud | Contents | Bladsy/Page |
|---|---|---|---|---|
| **PROKLAMASIES:** | | | **PROCLAMATIONS:** | |
| No. | 75 | Dorp Usakos: Uitbreiding van Grense . . . | Township of Usakos: Extension of Boundaries . . | 996 |
| No. | 76 | Plaaspad, Distrik Gobabis: Sluiting van . . | Farm Road, District of Gobabis: Closing of . . . | 997 |
| No. | 77 | Plaaspad, Distrik Mariental: Proklamering van | Farm Road, District of Mariental: Proclamation of | 997 |
| **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:** | | | **GOVERNMENT NOTICES.** | |
| No. | 160 | Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Werknemersregulasies . . . . . . . | Peri-Urban Areas Development Board: Amendment of Employees Regulations . . . . . . . . . | 998 |
| No. | 161 | Padverkeersordonnansie 1967: Toekenning van Registrasiemerke . . . . . . . . . . . | Road Traffic Ordinance, 1967: Assignment of Registration Marks . . . . . . . . . . . | 999 |
| No. | 1621 | (Republiek) Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969: Verklaring van Otjikoto-meer as 'n Nasionale Gedenkwaardigheid . . . . . | (Republic) National Monuments Act, 1969: Declaration of Otjikoto Lake as a National Monument . . | 999 |
| **ALGEMENE KENNISGEWINGS:** | | | **GENERAL NOTICES:** | |
| No. | 46 | Munisipaliteit Outjo: Voorgestelde sluiting van Straatgedeelte en Oop Ruimte . . . . . | Municipality of Outjo: Proposed closing of Street Portion and Open Space . . . . . . . . | 999 |
| No. | 47 | Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — Mev. L. M. T. Nel . . . . . | Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — Mrs. L. M. T. Nel . . . . . . . . . . | 1000 |
| No. | 48 | Private Wildreserwe: Voorgestelde Proklamering van — Mnr. F. C. H. Raupert . . . . | Private Game Reserve: Proposed Proclamation of — Mr. F. C. H. Raupert . . . . . . . . . | 1000 |
| No. | 589 | (Republiek) Bouverenigingsopgawe — Julie 1972 | (Republic) Building Societies Return — July 1972 . | 1001 |
| **ADVERTENSIES:** . . . . . . . . . . . . | | | **ADVERTISEMENTS:** . . . . . . . . . . | 1002 |


## PROKLAMASIES

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 75 van 1972.]

DORP USAKOS:
UITBREIDING VAN GRENSE.

Kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 29 (1) van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby dat

## PROCLAMATIONS

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 75 of 1972.]

TOWNSHIP OF USAKOS:
EXTENSION OF BOUNDARIES.

Under and by virtue of the provisions of section 29 (1) of the Townships and Division of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963) I do hereby declare that the

die grense van die dorp Usakos uitgebrei is om Gedeelte 54 van Usakos-dorp en -dorpsgrond 93, geleë in die Registrasie-afdeling H, in te sluit.

Hierdie eiendom staan nou bekend as erf 251, dorp Usakos.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 7de dag van September 1972.

B. J. VAN DER WALT,
*Administrateur.*

boundaries of the township of Usakos have been extended to include Portion 54 of Usakos Town and Townlands 93 situate in the Registration Division H.

The property is now known as erf 251, township of Usakos.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 7th day of September 1972.

B. J. VAN DER WALT,
*Administrator*

---

No. 76 van 1972.]

Kragtens en ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat in die distrik Gobabis die pad beskryf as plaaspad 1726 in Bylae 1 van Proklamasie 31 van 1954 gesluit word van 'n punt op distrikspad 1695 op die plaas Netso 480 algemeen suidweswaarts oor die plase Netso 480 en Gedeelte 2 van Tsjaka 479 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor die plase Gedeelte 2 van Tsjaka 479, Netso 480 en Knapdaar 485 tot waar dit aansluit by plaaspad 1725 op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 20ste dag van Januarie 1972.

B. J. VAN DER WALT,
*Administrateur.*

No. 76 of 1972.]

Under and by virtue of the provisions of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that in the district of Gobabis the road described as farm road 1726 in Schedule 1 of Proclamation 31 of 1954 shall be closed from a point on district road 1695 on the farm Netso 480 generally southwestwards across the farms Netso 480 and Portion 2 of Tsjaka 479 to a point on the last-mentioned farm; thence generally southeastwards across the farms Portion 2 of Tsjaka 479, Netso 480 and Knapdaar 485 to a point where it joins farm road 1725 on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 20th day of January 1972.

B. J. VAN DER WALT,
*Administrator*

---

No. 77 van 1972.]

Kragtens en ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) verklaar ek hierby dat in die distrik Mariental 'n nuwe gedeelte van plaaspad 1048 geproklameer word van 'n punt op plaaspad 1048 op die plaas Hillendale 83 algemeen noordooswaarts oor die plase Hillendale 83, Gedeelte 2 van Hillendale 83, Gedeelte 1 van Bernafay 208, tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen noordweswaarts oor die plase Gedeelte 1 van Bernafay 208, gedeelte 2 genoem Monroe van Gedeelte 1 van Boomplaas 386, Gedeelte 2 van Gedeelte 1 van Grunewald 135, Gedeelte 2 van Morgenson 118, Gedeelte 1 genoem Jessica van Helgoland 117, Gedeelte 2 van Hofmeyr 119 en Gedeelte 1 genoem Edelweiss van Hofmeyr 119 tot waar dit aansluit by Hoofpad 5, seksie 1, op laasgenoemde plaas.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie die 25ste dag van Augustus 1972.

B. J. VAN DER WALT,
*Administrateur.*

No. 77 of 1972.]

Under and by virtue of the provisions of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) I do hereby declare that in the district of Mariental a new portion of farm road 1048 shall be proclaimed from a point on farm road 1048 on the farm Hillendale 83 generally northeastwards across the farms Hillendale 83, Portion 2 of Hillendale 83, Portion 1 of Bernafay 208, to a point on the last-mentioned farm; thence generally northwestwards across the farms Portion 1 of Bernafay 208, Portion 2 called Monroe of Portion 1 of Boomplaas 386, Portion 2 of Portion 1 of Grunewald 135, Portion 2 of Morgenson 118, Portion 1 called Jessica of Helgoland 117, Portion 2 of Hofmeyr 119, and Portion 1 called Edelweiss of Hofmeyr 119, to where it joins Trunk Road 5, section 1, on the last-mentioned farm.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the 25th day of August, 1972.

B. J. VAN DER WALT,
*Administrator.*

---

# Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 160.] [2 Oktober 1972.

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: WYSIGING VAN WERKNEMERSREGULASIES.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling 1970 (Ordonnansie 19 van 1970) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 163 van 1970 en gewysig by Goewermentskennisgewings 113 en 156 van 1971 soos volg verder gewysig:

1. Deur paragrawe (a) en (b) van regulasie 74 (1) deur die volgende te vervang —

„(a) Aan 'n blanke werknemer as sy jaarlikse salaris of loon, insluitende pensioendraende toelaes en die kontantwaarde van pensioendraende voorregte wat *in natura* verkaf word —

(i) hoër is as R5 400 — hoogstens R9,00 per dag;

(ii) hoër is as R4 800 maar nie hoër is nie as R5 400 — hoogstens R8,00 per dag;

(iii) gelyk aan of laer is as R4 800 — hoogstens R7,00 per dag.

(b) In die geval van 'n nie-blanke werknemer as sy jaarlikse salaris of loon, insluitende pensioendraende toelaes en die kontantwaarde van pensioendraende voorregte wat *in natura* verskaf word —

| | Hoogstens (R) per dag in die geval van alle nie-blankes — |
|---|---|
| (i) Hoër is as R7 200 | = R8,00 per dag |
| (ii) hoër is as R4 800 maar nie hoër as R7 200 | = R6,00 per dag |
| (iii) hoër is as R3 600 maar nie hoër is as R4 800 | = R4,50 per dag |
| (iv) R780 en hoër maar nie hoër is as R3 600 nie | = R3,25 per dag |
| (v) minder is as R780 | = R2,00 per dag" |

2. Deur regulasie 76 (2) deur die volgende te vervang —

„(2) Verblyftoelae teen die onderstaande tariewe kan aan 'n werknemer betaal word ten opsigte van elke uur van afwesigheid bo 24 uur of 'n veelvoud van 24 uur:

„(i) hoogstens R9,00 per dag: hoogstens 38c per uur
(ii) hoogstens R8,00 per dag: hoogstens 33c per uur
(iii) hoogstens R7,00 per dag: hoogstens 29c per uur
(iv) hoogstens R6,00 per dag: hoogstens 25c per uur
(v) hoogstens R4,50 per dag: hoogstens 19c per uur
(vi) hoogstens R3,25 per dag: hoogstens 14c per uur
(vii) hoogstens R2,00 per dag: hoogstens 8c per uur"

# Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 160.] [2 October 1972.

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: AMENDMENT OF EMPLOYEES REGULATIONS.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970) further amended the regulations promulgated by Government Notice 163 of 1970 as amended by Government Notices 113 and 156 of 1971.

1. By substituting the following for paragraphs (a) and (b) of regulation 74 (1) —

"(a) To a white employee if his annual salary or wages, including pensionable allowances and the cash value of pensionable privileges granted in kind —

(i) are higher than R5 400 — not exceeding R9,00 a day;

(ii) are higher than R4 800 but not higher than R5 400 — not exceeding R8,00 a day;

(iii) are equal to or lower than R4 800 — not exceeding R7,00 a day.

(b) In the case of a non-white employee if his annual wage, inclusive of pensionable allowances and the cash value of pensionable privileges provided in kind —

| | Not more than (R) per day for all non-whites — |
|---|---|
| (i) is higher than R7 200 | = R8,00 a day |
| (ii) is higher than R4 800 but not not higher than R7 200 | = R6,00 a day |
| (iii) is higher than R3 600 but not higher than R4 800 | = R4,50 a day |
| (iv) R780 and higher but not higher than R3 600 | = R3,25 a day |
| (v) is lower than R780 | = R2,00 a day" |

2. By substituting the following for regulation 76 (2) —

"(2) Subsistence allowance at the following rates may be paid to an employee in respect of every hour of absence in excess of 24 hours or a multiple of 24 hours:

"(i) maximum R9,00: not exceeding 38c per hour
(ii) maximum R8,00: not exceeding 33c per hour
(iii) maximum R7,00: not exceeding 29c per hour
(iv) maximum R6,00: not exceeding 25c per hour
(v) maximum R4,50: not exceeding 19c per hour
(vi) maximum R3,25: not exceeding 14c per hour
(vii) maximum R2,00: not exceeding 8c per hour"

No. 161.] [2 Oktober 1972.

ORDONNANSIE OP PADVERKEER 1967: TOEKENNING VAN REGISTRASIEMERK.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 33 (1) (a) van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (Ordonnansie 30 van 1967) die registrasiemerk W.R.K. aan die Regering van Kavango ten opsigte van sy motorvoertuie toegeken.

No. 161.] [2 October 1972.

ROAD TRAFFIC ORDINANCE, 1967: ASSIGNMENT OF REGISTRATION MARK.

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 33 (1) (a) of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967) assigned the registration mark W.R.K. to the Government of Kavango in respect of its motor vehicles.

No. 1621 (Republiek).] [15 September 1972.

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Johannes Petrus van der Spuy, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die terrein met die Otjikoto-meer daarop, naby Tsumeb in Suidwes-Afrika, tot nasionale gedenkwaardigheid.

BESKRYWING.

Die terrein voorgestel deur figuur A B C D E F G H J K met die Otjikoto-meer daarop, geleë op die Restant van Blok 649, Registrasieafdeling „B", synde 'n gedeelte van gekonsolideerde plaas Tsumore 761 wat tans nog 'n ongeregistreerde konsolidasie is van genoemde Blok 649 en ander eiendomme. Hierdie beoogde terrein vir proklamering word aangedui op 'n plan van die Tsumeb Korporasie Beperk, naamlik Plan 5-2-21, gedateer 3 April 1971 en geliasseer by die kantore van die Tsumeb Korporasie en op Lêer 12/S/T-b/1 van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Groot as sodanig: 2,8246 hektaar.

HISTORIESE EN NATUURKUNDIGE BELANG.

Die Otjikoto-meer is 'n groot ronde sinkgat met regop dolomietkranse. Die watervlak bly feitlik konstant en daar word vermoed dat dit verband hou met onderaardse waterbronne en ander soortgelyke sinkgate in die nabyheid. Hierdie meer is reeds in 1851 deur reisigers Andersson en Galton besoek. In 1915 toe die Duitse „Schutztruppe" op die rand van oorgawe aan die Unietroepe was, het hulle hul ammunisie in die Otjikoto-meer gegooi.

J. P. VAN DER SPUY,
*Minister van Nasionale Opvoeding.*

No. 1621 (Republic).] [15 September 1972.

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT.

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Johannes Petrus van der Spuy, Minister of National Education, hereby declare the area with the Otjikoto Lake thereon, near Tsumeb in South West Africa, to be a national monument.

DESCRIPTION.

The area represented by the figure A B C D E F G H J K with the Otjikoto Lake thereon, situate on the Remainder of Block 649, Registration Division "B", being a portion of consolidated farm Tsumore 761 which at present is still an unregistered consolidation of the said Block 649 and other properties. This proposed area for proclamation is shown on a plan of the Tsumeb Corporation Limited, namely Plan 5-2-21, dated 3 April 1971 and filed at the offices of the Tsumeb Corporation and on File 12/S/T-b/1 of the National Monuments Council. Measuring as such: 2,8246 hectares.

HISTORICAL AND NATURAL INTEREST.

The Otjikoto Lake is a large circular sinkhole with vertical cliffs of dolomite. The water level remains virtually constant and it is presumed that this is connected with underground water sources and other similar sinkholes in the vicinity. As early as in 1851 this lake was visited by the travellers Andersson and Galton. In 1915 when the German "Schutztruppe" were on the point of surrender to the Union troops, they threw their ammunition in the Otjikoto Lake.

J. P. VAN DER SPUY,
*Minister of National Education.*

# Algemene Kennisgewings.

(No. 46 van 1972.)

MUNISIPALITEIT VAN OUTJO:

Permanente sluiting van

(a) 'n straatgedeelte en

(b) 'n oop ruimte.

Kennisgewing geskied hierby ingevolge die bepalings van artikel 183 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) soos gewysig, dat die Stadsraad van Outjo voornemens is om die ondergemelde

# General Notices.

(No. 46 of 1972.)

MUNICIPALITY OF OUTJO:

Permanent closing of

(a) a portion of a street, and

(b) an open space.

Notice is hereby given in terms of section 183 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) as amended, that the Municipal Council of Outjo proposes to close permanently the under-mentioned portions as in-

gedeeltes soos aangedui op die plan A 61 wat gedurende kantoorure in die kantoor van die Stadsklerk ter insae lê, permanent te sluit:

(a) 'n Gedeelte van Kronkelweg no. 405; en

(b) die oop ruimte bekend as erf 93.

Besware teen die voorgenome sluiting moet ingevolge artikel 183 (3) van bogemelde ordonnansie binne 30 dae na die verskyning van hierdie kennisgewing aan die Administrateur bestel word.

G. P. KRUGER,
*Stadsklerk.*

dicated on Plan A 61, which lies for inspection during office hours at the office of the Town Clerk: —

(a) A portion of Kronkelweg no. 405,

(b) the open space known as erf 93.

Objections to the proposed closing are to be served on the Administrator within 30 days from the date of publication of this notice in terms of section 183 (3) of the said ordinance.

G. P. KRUGER,
*Town Clerk.*

---

(No. 47 van 1972.)

## AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennisgewing geskied hierby dat mev. L. M. T. Nel van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, 'n gedeelte van haar plaas Donkerson 5, geleë in die distrik van Windhoek, tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.
Windhoek, 21. 9. 1972.

**H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,**
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

(No. 47 of 1972.)

## APPLICATION TO HAVE LAND PROCLAIMED A PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mrs. L. M. T. Nel proposes having a portion of her farm Donkerson 5, situated in the district of Windhoek, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.
Windhoek, 21. 9. 1972.

**H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,**
*Acting Secretary for South West Africa.*

---

(No. 48 van 1972.)

## AANSOEK OM GROND TOT 'N PRIVATE WILDRESERWE TE LAAT PROKLAMEER.

Kennisgewing geskied hierby dat mnr. F. C. H. Raupert van voorneme is om, ooreenkomstig die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring 1967 (Ordonnansie 31 van 1967) en die regulasies daaringevolge afgekondig, sy plaas Etaneno 44, geleë in die distrik Otjiwarongo, tot 'n private wildreserwe te laat proklameer.

Enigeen wat beswaar daarteen wil aanteken, word versoek om dit skriftelik by my in te dien binne drie maande na die datum hiervan.
Windhoek, 21. 9. 1972.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika*

(No. 48 of 1972.)

## APPLICATION TO HAVE LAND PROCLAIMED A PRIVATE GAME RESERVE.

Notice is hereby given that Mr. F. C. H. Raupert proposes having his farm Etaneno 44, situated in die district og Otjiwarongo, proclaimed a private game reserve in terms of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance 31 of 1967) and the regulations published thereunder.

Any person who wishes to lodge objections to such step is invited to do so in writing with me within three months from the date hereof.
Windhoek, 21. 9. 1972.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
*Acting Secretary for South West Africa.*

(No. 589 van 1972 [Republiek])

BOUVERENIGINGSOPGAWE.

Ingevolge artikel *vier-en-dertig* (2) van die Bouverenigingswet 1965, word onderstaande Saamgestelde Opgawe vir algemene inligting gepubliseer.

## SAMEVATTING VAN MAANDELIKSE OPGAWES DEUR PERMANENTE BOUVERENIGINGS VIR DIE MAAND GEËINDIG 31 JULIE 1972

| | *Getal* | *Bedrag* R | R |
|---|---|---|---|
| Getal Verenigings . . . | 14 | | |
| Aandelekapitaal: Onbepaalde . . . . . | | 1 460 127 203 | |
| Vaste Termyn . . . . | | 509 404 394 | |
| Totaal . . . . . . . | | | 1 969 531 597 |
| Algemene Reserwe . . . | | | 109 615 030 |
| Deposito's: | | | |
| Vaste . . . . . . . . | | 883 244 792 | |
| Spaar . . . . . . . . | | 570 118 369 | |
| Totaal . . . . . . | | | 1 453 363 161 |
| Opgelope Rente . . . . | | | 24 677 324 |
| Kollaterale Kontantdeposito's . . . . . | | | 4 581 514 |
| Opgelope Rente . . . . | | | 71 143 |
| Lenings en Oortrekkings | | | 5 847 500 |
| Voorskotte teen verband: (1) Voorskotte bo R15 000 . . . . . | 33 022 | | 862 586 969 |
| (2) Alle Voorskotte . . | 332 594 | | 2 877 925 365 |
| Toegestaan maar nie uitbetaal nie . . . . | | | 198 347 651 |
| Likwiede Bates: Kontant en Deposito's onmiddellik opvraagbaar . . . . . . | | 85 544 749 | |
| Lenings aan Diskontohuise en Wissels . . | | 13 800 000 | |
| Onbeswaarde Effekte . | | 127 825 873 | |
| Opgelope Rente . . . | | 1 977 579 | |
| Totaal . . . . . . . . | | | 229 148 201 |
| Statutêre Minimum Bedrag . . . . . . | | | 174 357 854 |
| Voorgeskrewe Beleggings Likwiede Bates . . . | | 229 148 201 | |
| Deposito's (behalwe dié wat as likwiede bates geld) . . . . . . | | 148 685 420 | |
| Lenings aan Diskontohuise (behalwe die wat as likwiede bates geld) . . . . . . | | — | |
| Onbeswaarde Effekte (behalwe dié wat as likwiede bates geld) | | 151 094 544 | |
| Opgelope Rente . . . | | 4 489 831 | |
| Totaal . . . . . . . . | | | 533 417 996 |
| Statutêre minimum bedrag . . . . . . | | | 342 423 174 |

(No. 589 of 1972 [Republic])

BUILDING SOCIETIES RETURN.

In terms of section *thirty-four* (2) of the Building Societies Act, 1965, the following Composite Return is published for general information.

## SUMMARY OF MONTHLY RETURNS BY PERMANENT BUILDING SOCIETIES FOR THE MONTH ENDED 31 JULY 1972

| | *No.* | *Amount* R | R |
|---|---|---|---|
| Number of Societies . . | 14 | | |
| Share Capital: Indefinite . . . . . | | 1 460 127 203 | |
| Fixed Period . . . . | | 509 404 394 | |
| Total . . . . . . . . . | | | 1 969 531 597 |
| General Reserve . . . | | | 109 615 030 |
| Deposits: | | | |
| Fixed . . . . . . . . | | 883 244 792 | |
| Savings . . . . . . . | | 570 118 369 | |
| Total . . . . . . . . | | | 1 453 363 161 |
| Accrued Interest . . . | | | 24 677 324 |
| Collateral Cash Deposits | | | 4 581 514 |
| Accrued Interest . . . | | | 71 143 |
| Loans and Overdrafts . | | | 5 847 500 |
| Mortgage Advances: (1) Advances over R15 000 . . . . . | 33 022 | | 862 586 969 |
| (2) All Advances . . | 332 594 | | 2 877 925 365 |
| Granted but not paid out | | | 198 347 651 |
| Liquid Assets: Cash and Deposits withdrawable on demand | | 85 544 749 | |
| Loans to Discount Houses and Bills . . | | 13 800 000 | |
| Unencumbered Securities . . . . . | | 127 825 873 | |
| Accrued Interest . . . | | 1 977 579 | |
| Total . . . . . . . . | | | 229 148 201 |
| Statutory Minimum Amount . . . . . . . | | | 174 357 854 |
| Prescribed Investments Liquid Assets . . . . | | 229 148 201 | |
| Deposits (other than those ranking as liquid assets) . . . . | | 148 685 420 | |
| Loans to Discount Houses (other than those ranking as liquid assets) . . . | | — | |
| Unencumbered Securities (other than those ranking as liquid assets) . . . . . . | | 151 094 544 | |
| Accrued Interest . . . | | 4 489 831 | |
| Total . . . . . . . . . | | | 533 417 996 |
| Statutory minimum amount . . . . . | | | 342 423 174 |

# Advertensies.

## ADVERTEER IN DIE OFFISIëLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA

1. Die *Offisiële Koerant* verskyn op die 1ste en 15de dag van elke maand; as een van hierdie dae op 'n Sondag of openbare feesdag val, verskyn die *Offisiële Koerant* op die eersvolgende werkdag.

2. Advertensies wat in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word, moet in die taal waarin hulle sal verskyn aan die OFFISIëLE KOERANTKANTOOR, P.S. 13186, Windhoek, geadresseer word, of by Kamer 109, Administrasie-gebou, Windhoek, afgelewer word, nie later nie as 4.30 nm. op die NEGENDE dag voor die verskyning van die *Offisiële Koerant*, waarin die advertensie geplaas moet word.

3. Advertensies word na die amptelike gedeelte in die *Offisiële Koerant* geplaas, of op 'n ekstra blad van die *Offisiële Koerant*, al na die Sekretaris goedvind.

4. Advertensies word vir die openbare voordeel in die *Offisiële Koerant* gepubliseer. Vertalings moet deur die Adverteerder of sy agent gelewer word indien verlang.

5. Slegs regsadvertensies word vir publikasie in die *Offisiële Koerant* aangeneem en hulle is onderhewig aan die goedkeuring van die Sekretaris van Suidwes-Afrika, wat die aanneming of verdere publikasie van 'n advertensie mag weier.

6. Die Administrasie van S.W.A. behou hom die reg voor om die kopie te redigeer, te hersien en oortollige besonderhede weg te laat.

7. Advertensies moet sover moontlik getik wees. Die manuskrip van advertensies moet slegs op een kant van die papier geskryf word en alle eiename moet duidelik wees. In geval 'n naam weens onduidelike handskrif foutief gedruk word, kan die advertensie slegs dan herdruk word as die koste van 'n nuwe plasing betaal word.

8. Geen aanspreeklikheid word aanvaar vir enige vertraging in die publisering van 'n kennisgewing of vir die publisering daarvan op 'n ander datum as dié deur die insender bepaal. Insgelyks word geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige redigering, hersiening, weglatings, tipografiese foute en foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan nie.

9. Die insender word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat voortvloei uit enige aksie wat weens die publisering, hetsy met of sonder enige weglating, foute, onduidelikhede of in watter vorm ook al, van 'n kennisgewing teen die Administrasie van S.W.A. ingestel word.

10. Die jaarlikse intekengeld op die *Offisiële Koerant* is R5-00 posvry in hierdie Gebied en die Republiek van Suid-Afrika, verkrygbaar by die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek. Oorsese intekenaars moet posgeld vooruit betaal. Enkel eksemplare van die *Offisiële Koerant* is verkrygbaar van die here John Meinert (Edms.) Bpk., Posbus 56, Windhoek, teen 10c per eksemplaar. Eksemplare word vir slegs twee jaar in voorraad gehou.

11. Die koste vir die plasing van kennisgewings is soos volg en is betaalbaar deur inkomsteseëls op die oorspronklike kennisgewings, wat in duplikaat ingedien moet word, te plak:—

| *Tipe* | *Tarief* |
|---|---|
| 1. Oordrag van besigheid | R2,25 |
| 2. Vergadering van Balju | R2,25 |
| 3. Verklaring van dividend | R2,25 |
| 4. Verlore polis/akte/verband | R2,25 |
| 5. Regsveilings — Hooggeregshof | R3,75 |

12. Die Koste vir die plasing van advertensies, behalwe die kennisgewings wat in paragraaf 8 genoem word, is teen die tarief van 30c per cm dubbelkolom. (Gedeeltes van 'n cm moet as volle cm bereken word).

13. Geen advertensie word geplaas nie tensy die koste vooruit betaal is. Tjeks, wissels, pos- en geldorders moet aan die Sekretaris van Suidwes-Afrika betaalbaar gemaak word.

# Advertisements.

## ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA

1. The *Official Gazette* is published on the 1st and 15th day of each month; if either of those days falls on a Sunday or Public Holiday, the *Official Gazette* is published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Official Gazette* should be addressed to the OFFICIAL GAZETTE OFFICE P.B. 13186, Windhoek, or be delivered to Room 109, Administration Building, Windhoek, in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the NINTH day before the date of publication of the *Official Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements are inserted in the *Official Gazette* after the official matter or in a supplement of the *Official Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements are published in the *Official Gazette* for the benefit of the public. Translations, if desired, must be furnished by the advertiser or his agent.

5. Only law advertisements are accepted for publication in the *Oficial Gazette*, and are subject to the approval of the Secretary for South West Africa, who may refuse to accept or may decline further publication of any advertisement.

6. The Administration of S.W.A. reserves the right to edit and revise copy and to delete therefrom any superfluous detail.

7. Advertisements should as far as possible be typewritten. Manuscript of advertisements should be written on one side of the paper only, and all proper names plainly inscribed; in the event of any name being incorrectly printed as a result of indistinct writing, the advertisement can only be republished on payment of the cost of another insertion.

8. No liability is assumed for any delay in publishing a notice or for publishing it on any date other than that stipulated by the advertiser. Similarly no liability is assumed in respect of any editing, revision, omission, typographical errors or errors resulting from faint or indistinct copy.

9. The advertiser will be held liable for all compensation and costs arising from any action which may be instituted against the Administration of S.W.A. as a result of the publication of a notice with or without any omission, errors, lack of clarity or in any form whatsoever.

10. The subscription for the *Official Gazette* is R5-00 per annum, post free in this Territory and the Republic of South Africa, obtainable from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek. Postage must be prepaid by overseas subscribers. Single copies of the *Official Gazette* may be obtained from Messrs. John Meinert (Pty.) Ltd., P. O. Box 56, Windhoek, at the price of 10c per copy. Copies are kept in stock for only two years.

11. The charge for the insertion of notices is as follows and is payable in the form of revenue stamps affixed to the original notice, which must be submitted in duplicate:—

| *Type* | *Charge* |
|---|---|
| 1. Transfer of business | R2,25 |
| 2. Meeting of Sheriff | R2,25 |
| 3. Declaration of dividend | R2,25 |
| 4. Lost policy/deed/bond | R2,25 |
| 5. Sale in execution — Supreme Court | R3,75 |

12. The charge for the insertion of advertisements other than the notices mentioned in paragraph 8 is at the rate of 30c per cm double column. (Fractions of a cm to be reckoned as a cm).

13. No advertisements are inserted unless the charge is prepaid. Cheques, drafts, postal orders or money orders must be made payable to the Secretary for South West Africa.

KENNISGEWING.

Kennis word hierby gegee kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Paaie 1962 (Ordonnansie 28 van 1962) dat die Padraad van Karasburg dit wenslik ag dat in die distrik Karasburg:

'n Gedeelte van plaaspad 272 gesluit word vanaf 'n punt op hoofpad 1, seksie 1, op die plaas Gedeelte 1 van Drieangel 123 algemeen wes-noordweswaarts oor die plaas Gedeelte 1 van Drieangel 123 tot by 'n punt op laasgenoemde plaas; van daar algemeen weswaarts oor die plase Gedeelte 1 van Drieangel 123, Grunau Nord Ost 19, Gedeelte 1 van Grunau Nord West 18 en Grunau Nord West 18 tot by 'n punt op die westelike grens van laasgenoemde plaas.

Skets P351 wat die ligging van die pad aandui, lê by die kantoor van die landdros te Karasburg ter insae.

Belanghebbendes kan hulle besware teen die bovermelde voorstel skriftelik by my indien binne twee maande vanaf die datum van hierdie kennisgewing.

DIE LANDDROS,
VOORSITTER VAN DIE PADRAAD,
KARASBURG.

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

KENNIS WORD HIERMEE gegee dat veertien (14) dae na publikasie van hierdie Kennisgewing, aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof vir die distrik van OUTJO gehou te OUTJO vir die oordrag van die Algemene Handelaars-, motorgarage- en spuit- en mineralewaterlisensies gehou deur UNITED GARAGES (PTY) LTD. handeldrywende onder die naam en styl van UNITED GARAGES, OUTJO ten opsigte van die petrol vulstasiebesigheid geleë op Erwe Nos. 1 en 130, OUTJO aan TOTAL S.A. (EDMS) BPK. wie handel sal drywe onder die naam en styl van TOTAL DIENSSTASIE op dieselfde persele en vir hulle eie rekening besigheid sal doen.

GEDATEER te WINDHOEK op hierdie 8ste dag van SEPTEMBER 1972.

Prokureurs vir applikant:
SCHOEMAN & LOMBARD,
701 Metje Behnsengebou,
Kaiserstraat,
Posbus 2195,
WINDHOEK.

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat na 14 dae vanaf publikasie hiervan aansoek gedoen sal word by die Handelslisensiehof, Walvisbaai, vir die oordrag van die volgende handelslisensies — Restaurant, Tabak by kleinmaat, minerale water en algemene handelaar (Beperk), tans gehou deur CHRISTOS TSILIYIANNIS wat handel dryf as CHRISTY'S DRIVE-IN RESTAURANT, Erf No. 1300, WALVISBAAI, na HERMENEGILDO NUNES wie op dieselfde perseel onder die naam OLÉ DRIVE-IN RESTAURANT handel sal dryf.

Prokureurs vir die partye.
SCHAAF & LIEBENBERG,
Posbus 418,
WALVISBAAI.

---

KENNISGEWING VAN OORDRAG VAN BESIGHEID.

Geliewe kennis te neem dat daar by die volgende kwartaallikse Sitting van die Handelslisensiehof, Walvisbaai vir die distrik van Walvisbaai aansoek gedoen sal word vir die oordrag van die Algemene Handelaarslisensie, Patente Medisyne en Mineralewater tans gehou deur LIESELOTTE HINTERHOLZER, wie handel dryf op Erf 382, Walvisbaai na HEINRICH GUIDO RUBNER, wie vir eie rekening sake sal doen op dieselfde perseel, onder die naam en styl van VICTOR STORE.

C. L. DE JAGER & VAN NIEKERK,
Prokureurs vir partye,
Posbus 224,
WALVISBAAI.

---

NOTICE.

Notice is hereby given in terms of the Roads Ordinance, 1962 (Ordinance 28 of 1962) that the Roads Board of Karasburg deems it desirable that in the district of Karasburg:

A Portion of Farm Road 272 be closed from a point on Trunk Road 1, Section 1, on the farm Portion 1 of Drieangel 123 generally west-northwestwards via the farm Portion 1 of Drieangel 123 to a point on the last-mentioned farm; thence generally westwards via the farms Portion 1 of Drieangel 123, Grunau Nord Ost 19, Portion 1 of Grunau Nord West 18, and Grunau Nord West 18 to a point on the Western boundary of the last-mentioned farm.

Sketch P351 indicating the position of the road may be seen at the office of the magistrate at Karasburg.

Interested persons may lodge their objections to the above proposal in writing with me within two months from the date of this notice.

THE MAGISTRATE,
CHAIRMAN OF THE ROADS BOARD,
KARASBURG.

---

NOTICE OF TRANSFER OF BUSINESS.

NOTICE is hereby given that it is the intention of JOHANNES STEFANUS DREYER to transfer the Garage Licence held by himself in respect of the business conducted under the name of DREYER SE DIENSSTASIE at Erf No. 422, HENTIES BAY to ADRIAAN JACOBUS BOOYSEN who will conduct the business on the same premises and under the name and style of CARLI'S DIENSSTASIE, and that fourteen (14) days after the publication of this Notice application will be made to the Licensing Court for the District of Swakopmund, for the grant of the necessary licence to the said ADRIAAN JACOBUS BOOYSEN.

DATED at SWAKOPMUND this 8th day of September 1972.

SCHAAF & LIEBENBERG,
Applicant's Attorneys,
Roon Street,
P. O. Box 25,
SWAKOPMUND.

---

THE AFRICAN LIFE ASSURANCE SOCIETY LIMITED
P. O. BOX 1114, JOHANNESBURG.

Life Assured and Owner ABRAHAM JOHANNES VAN HEERDEN
Policy Number 675215
Date of Policy 1. 8. 1968
Sum Assured R3 000.

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of these policies has been submitted to the insurer and any person in possession of the policies or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the insurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contracts) will be issued to the owners.

By order of the Board,
W. JOHNSTON,
Secretary.

---

THE AFRICAN LIFE ASSURANCE SOCIETY LIMITED
P. O. BOX 1114, JOHANNESBURG.

Life Assured and Owner KARL FRANZ & LUISE ANNE EMMY SCHURZ
Policy Number 355093
Date of Policy 1. 3. 1952
Sum Assured R263/188

Notice is hereby given that evidence of the loss or destruction of these policies has been submitted to the insurer and any person in possession of the policies or claiming to have any interest therein, should communicate immediately by registered post with the insurer. Failing any such communication, certified copies of the policies (which will be the sole evidence of the contracts) will be issued to the owners.

By order of the Board,
W. JOHNSTON,
Secretary.

---

TRANSFER OF INSURANCE BUSINESS.

Notice is hereby given in terms of Section 25 (6) of the Insurance Act, No. 27 of 1943, that it is the intention of THE SOUTH BRITISH INSURANCE COMPANY LIMITED to transfer its liabilities in respect of its Fire, Marine, Motor, Personal Accident, Guarantee and Miscellaneous Insurance Business carried on in the Republic of South Africa, the Mandated Territory of South West Africa, Swaziland, Lesotho and Botswana to UNION AND NATIONAL INSURANCE COMPANY LIMITED, with effect from the 1st July, 1972.

The effect of the proposed transfer will be that the latter Company will become responsible for the due fulfilment of all the obligations of THE SOUTH BRITISH INSURANCE COMPANY LIMITED at the aforesaid date insofar as its aforesaid Short Term Insurance Business in South Africa, the Mandated Territory of South West Africa, Swaziland, Lesotho and Botswana is concerned.

Details of the proposed transfer are contained in an Agreement, a copy of which together with copies of statements showing the effect of the proposed transfer on the financial position of the Transferor and Transferee will lie open for inspection by any person during normal business hours for a period of 21 days commencing on 13th October, 1972 to 4th November, 1972 at the Principal office of THE SOUTH BRITISH INSURANCE COMPANY LIMITED, 11th Floor, African Life Centre, cor. Eloff and Commissioner Streets, Johannesburg and at the Head Office of the UNION AND NATIONAL INSURANCE COMPANY LIMITED, J.B.S. Building, 107 Commissioner Street, Johannesburg.

It is intended to apply to the Supreme Court, Witwatersrand Local Division, Johannesburg on the 14th November, 1972 at ten o'clock in the forenoon for confirmation of the proposed transfer.

The Registrar of Insurance and any owner of a policy, shareholder or creditor affected or likely to be affected by the proposed transfer, are entitled to appear and to be heard on any application to Court regarding the transfer and may make application to Court on any matter in connection with the transfer.

Any person who may wish to lodge any objection to the proposed transfer with the Registrar of Insurance (Private Bag X238, Pretoria) may do so within the inspection period of 21 days.

DATED at JOHANNESBURG on this the 15th day of SEPTEMBER, 1972.

---

Printed in South West Africa by / Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek